Hospitale



Private daghospitale bied baie voordele vir diegene wat prosedures daar ondergaan. ILLUSTRASIE: TOQAN KI

# Daghospitale speel groot rol in gesondheidsorg

Megan Adendorff

Prosedures wat vroeër jare hospitalisering vir dae vereis het, kan nou binne enkele ure afgehandel word – 'n ontwikkeling wat daghospitale se rol in Suid-Afrika se gesondheidsorgstelsel laat groei.

Volgens Tharina Smith, uitvoerende hoof van die Daghospitaalvereniging van Suid-Afrika, dra die vooruitgang in mediese tegnologie, narkose en pynbestuur by tot die moontlikheid om pasiënte kort ná chirurgie veilig huis toe te stuur.

"Dit gaan oor die regte sorg, op die regte plek, vir die regte pasiënt," sê sy.

Die doel van private daghospitale is nie om tradisionele hospitale te vervang nie, maar om die gesondheidsorgstelsel aan te vul deur 'n geskikte omgewing vir geselekteerde prosedures te bied.

Daghospitale is ingerig vir beplande prosedures waar pasiënte op dieselfde dag ontslaan word.

"Daghospitale bied 'n gefokusde goedkoper alternatief vir geskikte prosedures, terwyl meer komplekse en hoërisiko-pasiënte steeds in tradisionele hospitale behandel word," sê Smith.

Daghospitale hanteer 'n wye reeks prosedures, insluitende katarakchirurgie; endoskopiese prosedures; oor- neus- en keelprosedures; ortopedie; tandheelkundige en maksillofasiale chirurgie; ginekologie; urologie; dermatologie; en algemene chirurgie.

Volgens Smith bied daghospitale vir pasiënte die gemoedsrus dat hul beplande operasies nie net veilig uitgevoer sal word nie, maar ook sonder onnodige wagtydperk voltooi sal word.

"Pasiënte herstel vinniger en kan veilig dieselfde dag huis toe gaan, mits hulle geskik is vir die prosedure," sê sy.

## Dit is hoe daghospitale werk

Nie elke pasiënt of prosedure is geskik vir 'n daghospitaal nie.

Toegang tot daghospitale beteken die pasiënt is reeds verwys deur 'n huisdokter na 'n spesialis vir 'n prosedure wat vir 'n daghospitaal beskik is.

"Pasiënte sal gewoonlik enkele ure voor 'n prosedure by die daghospitaal opgeneem word, geopereer word en dan ontslaan word sodra hulle stabiel is en die dokter tevrede is – tipies binne 'n paar uur ná die operasie," sê Smith.

Daar is sowat 145 private daghospitale in Suid-Afrika, waarvan 65 onafhanklike fasiliteite deur die Daghospitaalvereniging van Suid-Afrika verteenwoordig word. In die Wes-Kaap is daar tans 18 daghospitale wat deel vorm van die vereniging.

Daghospitale werk volgens geskeduleerde operasielyste, wat 'n gestruktureerde en voorspelbare werkvloei moontlik maak.

> "Mediese skemas sien daghospitale as 'n koste-effektiewe en klinies toepaslike opsie vir gepaste prosedures
>
> — THARINA SMITH, UITVOERENDE HOOF VAN DIE DAGHOSPITAALVERENIGING VAN SUID-AFRIKA

"Omdat prosedures vooraf beplan word, ondersteun dit doeltreffende pasiëntvloei en tydsbestuur," sê Smith.

Pasiënte ontvang sorg van 'n toegewyde span wat spesialiste, narkotiseurs en opgeleide teater- en herstelpersoneel insluit, almal met gespesialiseerde opleiding in hul onderskeie velde.

Die model is kostedoeltreffend omdat daar geen oornagverblyf is nie en fasiliteite kleiner en meer gefokus is op die chirurgie en geen mediese langtermyn gevalle, noodgevalle of intensiewe sorg hanteer nie.

"Dit help om koste vir pasiënte en mediese skemas te beperk, wat belangrik is in 'n tyd van stygende gesondheidsorgkoste," sê sy.

Daghospitale beskik oor moderne operasieteaters, tegnologie en noodtoerusting wat dieselfde is as die van tradisionele hospitale

"Die verskil lê in fokus – daghospitale is kleiner en meer gespesialiseerd, maar nie minder bekwaam nie," sê Smith.

Daghospitale speel ook 'n rol in elektiewe chirurgie en help om druk op tradisionele hospitale te verminder.

## Voordele vir pasiënte

Die veiligheid van pasiënte bly belangrik vir die Daghospitaalvereniging van Suid-Afrika se lede en word verseker deur streng seleksie, beplande prosedures, monitering en klinies beheerde ontslag.

"Pasiënte word slegs ontslaan wanneer hulle klinies stabiel is en ontvang duidelike instruksies vir herstel tuis," sê Smith.

Nog 'n voordeel is die laer risiko vir hospitaalverwante infeksies weens korter verblyf en beperkte blootstelling aan siek, langtermyn pasiënte.

Die herstel van pasiënte word ook bevorder, aangesien hulle op dieselfde dag huis toe kan gaan om in 'n bekende omgewing te herstel. Dit bly egter van kardinale belang dat noukeurige pasiëntseleksie en vooroperatiewe beplanning sentraal staan om veiligheid en optimale uitkomste te verseker.

Daghospitale werk nou saam met spesialiste en narkotiseurs om sorg voor, tydens en ná prosedures te koördineer.

Mediese skemas erken die model en moedig die gebruik van daghospitale aan vir geskikte prosedures.

"Mediese skemas sien daghospitale as 'n kostedoeltreffende en klinies toepaslike opsie vir gepaste prosedures," sê Smith.

"Dit vorm deel van 'n breër poging om gesondheidsorg meer volhoubaar te maak."

Die skemas gebruik ook voordeelstrukture om pasiënte aan te moedig om daghospitale te gebruik wanneer dit klinies gepas is.

Daghospitale voldoen aan dieselfde regulatoriese en kliniese standaarde as tradisionele hospitale.

"Daar is geen verskil in die standaarde wat van ons verwag word nie," beklemtoon Smith. "Ons moet aan dieselfde akkreditasie voldoen, dieselfde protokolle volg en dieselfde gehaltestandaarde behaal."

Die personeel ontvang ook voortdurende professionele ontwikkeling om tred te hou met die nuutste ontwikkelings in dag-chirurgie en pasiëntsorg. "Ons personeel ondergaan dieselfde deeglike opleiding as hul eweknieë in tradisionele hospitale. Die verskil is dat hulle spesialiseer in dagprosedures, en die unieke vereistes daarvan verstaan."

"Pasiënte ervaar die diens oorwegend as positief, veral omdat hulle dieselfde dag huis toe kan gaan. Die korter verblyftyd beteken ook dat pasiënte minder angstig is en vinniger kan terugkeer na hul normale roetine, wat bydra tot beter algehele tevredenheid," sê Smith. "Die kleiner omgewing voel dikwels meer persoonlik en minder oorweldigend."